

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Diens: 9:00 en 18:00

Engelse Diens: 11:00

Sothodiens: 12:30



KOLLEKTES

Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Hein Greyling

Alethea : Christo Crafford

Diaken: Marthinus Krynauw

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Albie Venter albieventer@absamail.co.za 083 631 6638

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: **kerkdienstgemist** se web-blad het nou 'n Toepassing (App) vir Slimfone. U kan nou inluister sonder 'n rekenaar - sommer met u slimfoon of tablet

FACEBOOK: Gereformeerde Kerk Centurion (gaan 'like' ons)

RATELGROEP: Vir pa-ma-en-baba: Besoek gerus die 'Ratelgroep' op facebook

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Kontak Marlou 0824124313/fillistyn2@gmail.com of Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 25: Ps 48:1

Volgende week: Katkisasiehersiening Les 20 - 25: Ps 48:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 409	Inbetalings vir die Diakonie: Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 280 589	Inbetalings vir die Susters: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 417
---	--	--

KONTAKBESONDERHEDE

Kantoorure: **Ma-Do 08:00 - 13:00**

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Epos: Kerkkantoor—gercent@lantic.net

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: gereformeerdekerkcenturion@gmail.com

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 42 Nr 39 22 Oktober 2017

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Liturgiese Riglyne

SONDAGGEND 9:00

Deel die liefde van die Here

Skriflesing: 1 Johannes 4

Teksvers: 1 Johannes 4:9,10

God se liefde word konkreet aan ons geopenbaar deurdat Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus, mens laat word het.

Sing:

Sb 9-3:,1,2

Lied 329:1

Lied 334:1,2,3,4

Sb 2-4:1,3

Sb 13-3

Elkeen wat in Jesus Christus glo, ontvang onder andere die volgende: die liefde van God vir die mens; die Heilige Gees; versoening met God; vergifnis van sondes; die ewige lewe; bemaatiging om ander lief te kan hê; die liefde wat alle vrees verdryf.

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Nicolai vd Merwe

Klank: Charl vd Bergh

Prediker: Ds Paul vd Berg

Mag jy, wat so baie liefde van die Here ontvang het, hierdie liefde ook in jou woorde, daad en gedagtes deel met ander mense.

Hy wat baie ontvang het, het baie om te gee.

SONDAGAAND 18:00

My begeerte is om God te dien, dan het ek vrede!

maar

Ek erken en bely dat ek die wet oortree!

Skriflesing: Ex 20:17;
1 Joh 1:1-10

Teksvers: 1 Joh 1:8,10

Sing:

Ps 111-2:1-4

Ps 131-1:1,2,3

Ps 139-1:12

Ps 73-1:1,10

Sb 13-2

Ek het 'n paar jaar gelede 'n paartjie gehad wat wou trou en soos my gebruik is, het ek ten minste vier studeerkamer gesprekke met die oog op die huweliksvoorbereiding gehad. By die gesprek wat gehandel het oor kommunikasie en hoe hanteer jy verskille of woede in die huwelik, het die vroultjie, wat 'n baie besliste persoon was, die volgende geantwoord op 'n vraag wat ek gevra het:

Die vraag: Vra jy maklik verskoning as jy iets verkeerd doen het?

Antwoord: Ek maak nie foute nie!

Ons teksverse leer aan ons die teenoorgestelde:

1Joh 1:8 "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie."

1Joh 1:10 "As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie."

Ons gee om vir Mekaar

"U is ons vader, Here ..." Jes 64:8

- Andries Venter sterk aan in Unitas nadat 'n bloedklont uit sy been verwyder is (A11—664 2222).
- Johan Jordaan sterk aan in die Hart hosp na 'n ligte beroerte (B10—654 3377).
- Zillah Johl sterk aan na 'n blindedermoperasie (B20—083 299 1013).
- Luit Bakker se gesondheid is nie na wense nie (B21—072 200 9778).
- Meelewing word betuig met Danie vd Heever en familie na die afsterwe van sy vrou Rika, die troosdiens is more, 23 Oktober om 10:00 vanuit ons gemeente.



Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Hospitaalbesoek

Lidmate word versoek om asb u ouderling, ds, of die kantoor in kennis te stel wanneer u opgeneem gaan word in die hospitaal. Die hospitaallyste dui nie meer die kerkverband of gemeente aan nie. Ons weet dus nie of u in die hospitaal is, as u ons nie laat weet nie.

Geluk

Baie geluk aan ds Maarten en Phia met die geboorte van hul 10^e kleinkind. Geluk ook met die viering van ds Maarten se 60^{ste} verjaarsdag komende Woensdag, 25 Okt. Mag die Here u en u familie seën.

Bydrae-koeverte

Plaas asb u bydrae-koeverte in die kollekesakkies

Saam in God se groot oes - Sendingkonferensie

Gereformeerde Kerk Centurion

Saterdag, 4 November 2017

Koste R50

Vooraf registrasie kan gedoen word via <https://goo.gl/forms/Fw94udnbB3dsIRni2>

Navrae en RSVP gksasending@gmail.com

Alethea Ministry 11:00 (Worship Service and Sunday School)

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Scripture: John 10: 1-21

Br Sibusiso Phungula

The good shepherd leads, feed and protect his sheep

GKA gaan kuier by Lorypark Dieretuin

Wie: Laerskoolkinders en hulle gesinne

Wanneer: 28 Oktober 2017

Tyd: 10:00 – 14:00

Waar: Midrand

Koste: R100 per volwassene

(Sluit toegang & boereworsrol in)

Kinders van ons gemeente gratis, R70 per kind vir maats wat saamkom

Bring piekniekkomers, peuselhappies en eie koeldrank saam

RSVP: Erna Olivier teen 20 Oktober (0823322 118/ernao@solidariteit.co.za)



Eljada Huis

Eljada het dringend kosvoorraad nodig. Behalwe vir die tekorte op die huidige stadium moet hulle voorraad opbou om die lang Desember-vakansie aan almal se behoeftes te voorsien. Die drom sal tot en met einde Desember elke Sondag op die grasperk uitgesit word. Hou die nuusbrief dop vir benodighede. Elke blikkie help Ons benodig:

Koffie, gewone tee, rooibos, suiker, ontbyt, blikkies vleis, blikkies groente, rys, macaroni, spaghetti, soja, soppoeier, kartonmelk, grondboontjebotter, konfy, bovil.

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEDE BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasie in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op 80-plussers

Die twee eenhede wat beskikbaar is bestaande uit :

- 1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R445 000. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie 1 Nov 2017. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.
- 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet- en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie vanaf 1 Des 2017. Die rigprys is R770 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan seker voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit 30 Oktober 2017

Lê jou talente by rekenaars of dalk is jy net 'n gebruiker van MS PowerPoint en wil inskakel .

Die projektorspan het jou nodig

Kom help om die Woord uit te dra deur elektroniese media.

Die take sluit in:

- Die wys van psalms, skrifberymings en ander liedere d.m.v Spectare Cantus (lyk soos web browser baie maklik om te gebruik)
- Vertoon van afkondigings voor die ereediens en tydens kollekte. Die kerkkantoor berei alle skyfies (slide) voor en laai dit reeds op die kerk rekenaar. Ons vertoon dit net, geen werk hoef vooraf gedoen te word nie.

Kontak Nicolene Wattel – 084 437 6620 of Johan Hoogenboezem - 083 296 2360
Of maak 'n draai by die klankkas agter in die kerk voor of na ereediens.

Kombuise- en Gasinstallasies- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installateurs; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 0844445443; meryke@mery-d.co.za

Professionele Tikwerk, transkripsies, verhoor, regsdokumente ens. Tillie 082753 0525.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (0126635955) centurionflorist@discoverymail.co.za. Susters kan hul bydraes vir die doel voor in die Susterskas by die hoofingang plaas.

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, Trauma, Verhoudings, Beshede, Studente en Leerlinge almal welkom.

2 Loft kamers te huur: Hennospark R4000p/m/kamer, Enkelopende dames tot en met 30 jaar. Ingesluit: W&L, wasgoed, skoonmaak, DSTV. Okkupasie: 1 Nov 2017. Rina Venter - 082 562 2431

Uit Diep van Donker Nagte

Die Uit Diep van Donker Nagte produksiespan van 120 is saamgestel uit 11 verskillende kerkverbande uit 22 verskillende gemeentes, nege predikante uit 3 verskillende kerkverbande en twee teologiese studente. Uit die spelers is ongeveer 50 Laerskoolleerlinge uit 3 plaaslike laerskole en 12 kleuters, waarvan die jongste sal 1 jaar wees, indien sy so laat kan wakker bly.. Die oudste speler is 85 jaar.

Moenie die unieke produksie ter viering van die Reformasie misloop nie!

Kaartjies verkoop nou vinnig uit en beloop R80, R120 of R180 afhange van die sitplek. Bespreek vandag nog by <https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn> of kontantverkoop nog Sondag en Woensdag 10:00-11:00 by GK Centurion se kerkkantoor (Louisa van der Walt (082-576-0692).

Wanneer: 25, 26, 27, 28 Oktober 2017

Tyd: 19:00 vir 19:30 – 22:00

Waar: Gereformeerde Kerk Centurion, Basdenlaan 226, Lyttelton, Pretoria

FB-blad: @uitdiepvandonkernagte

Navrae: navraeddn@gmail.com

**GK Lyttelton hou hul jaarlikse Kermis
27 en 28 Oktober**



URSINUS EN OLEVIANUS

Die Heidelbergse Kategismus is 'n geloofsbelijdenis wat in die Gereformeerde kerke gebruik word. Die ander twee belijdenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Dortse Leerreëls. Saam noem ons dit die Drie Formuliere van Eenheid.

Die Heidelbergse Kategismus het in 1563 te Heidelberg, Duitsland ontstaan. Op versoek van keurvors Frederik III van die Palts, een van die invloedrykste state binne die Heilige Romeinse Ryk, is dit as leerboek vir die skole opgestel. Zacharias Ursinus en Kaspar Olevianus is met hierdie belangrike werk deur die prins getaak. Ursinus was 28 jaar oud en alreeds 'n professor in teologie aan die Universiteit van Heidelberg. Olevianus was 26 jaar oud en 'n hofprediker. Kategismus beteken leerboek en is gebruik om die jeug te onderrig en leiding aan predikers en onderwysers te gee.

Die Heidelbergse Kategismus was eerste op die Sinode van Heidelberg aanvaar en in Duits gepubliseer (Januarie 1563). Verskeie ander sinodes van die 16de eeu en ook die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit as een van die belijdenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar en as deel van die Formuliere van Eenheid verklaar.

Die kategismus is in 52 dele verdeel, sodat 'n deel van die kategismus elke Sondag van die jaar aan die kerk geleer kon word.

Van ampsdraers in die GKSA word vereis om die leer daarvan te onderskryf en te leer aan hul gemeentes. Die Heidelbergse Kategismus is in menigte tale vertaal en is heel moontlik die invloedrykste en die mees aanvaarde kategismus uit die Reformasie.

Ds Maarten

Calvyn se Sondagoggend liturgie met Nagmaal

Op Sondagoggend 29 Oktober 2017 is daar in ons gemeente 'n spesiale nagmaalviering. Hierdie spesiale nagmaal is ter viering van die 500ste jaar van die Reformasie wat deur Maarten Luther op 31 Oktober 1517 begin is.

Die nagmaalsformuliere, soos ons dit vandag ken en gebruik, het egter nog nie in die tyd van Calvyn bestaan nie.

Die liturgie vir die nagmaal soos deur Calvyn gebruik is, is gelukkig vandag nog aan ons bekend. Die kerkraad het dit goedgekeur dat die nagmaal-liturgie, soos deur Calvyn gebruik, by hierdie spesiale nagmaalfees gevolg kan word.

Ter wille daarvan dat elke lidmaat kan weet en hulle kan voorberei vir die nagmaal, word hieronder die liturgiese verloop vir komende Sondag se nagmaal uiteengesit en verduidelik:

- Adjutorium "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het" – Votum
- Openbare skuldbelydenis deur voorganger (gebed)
- Troospreuk uit Skrif en vryspraak
- Eerste tafel van Dekaloog (10 gebooië) & Sang: Sb 13-3 - Amen
- Seëngroet
- Tweede tafel van Dekaloog (10 gebooië) & Sang: Sb 13-1 – Amen
- Gebed voor die prediking (Ons Vader)
- Skriflesing en prediking
- Voorbedding vir kerk en wêreld (met parafrase van Ons Vader)
- Geloofsbelydenis (Gemeentesang) waartydens die tafel voorberei word
- Gebed (Ons Vader - Sing)
- Nagmaalgebed
- Instellingswoorde (1 Korintiërs 11)
- Ban en Nagmaalvermaning (Vrylik geïmproviseer)
- Sursum Corda – Hartverheffing net voor die nagmaalbediening (soos by lang nagmaalformulier)
- Uitdeling en Kommunie, waartydens Ps 138 gesing word en Skriflesing plaasvind
- Dankgebed
- Kollekte
- Lofsang van Simeon (Nunc dimittis) Sb 4-7:1,2 (gemeente)
- Seën (Numeri 6:24-26)

Mag jy in die gees van die Reformasiefeesviering met groot dankbaarheid teenoor die Here se troue sorg vir sy gemeente, hierdie nagmaal tot eer van God en tot geloofsversterking beleef.

Namens die drie predikante



VERJAARSDAE "God is vir ons..." Rom 8:31 BELYDENDE LIDMATE

22 Okt	Pieter	Mostert	A02	664 2976
	Daniël	Rebel	A01	667 3498
	Gerard	van Rooy	C04	663 9187
23 Okt	Isabel	Grobler	B06	654 4761
	Magda	Jv Vuuren	B02	072 246 1815
	Sarel	Pretorius	B12	654 1265
	Paul	Steyn	A05	664 4256
	Anton	van der Bijl	C04	083 291 6855
	Johan	van Dyk	A14	654 1677
24 Okt	Renette	Harmse	B01	082 462 1839
	Frikkie	van Biljon	A11	072 995 4488
25 Okt	Tessa	Buys	B09	660 1483
	Alta	Jv Rensburg	C03	664 1530
	Karin	Myburgh	A04	082 412 0219
	Hendrik	Peens	C12	083 449 4201
	Nicolene	Speelman	E01	071 825 7414
	Maarten	van Helden	A05	664-1384
26 Okt	Lize	Botha	C03	082 885 6410
	Yolanda	vd Bijl	A12	348 3144
28 Okt	Hannes	Pieters	C07	663 4222
	Tinus	Potgieter	C09	082 902 2841
	Cathy	Smit	C15	942 1144
	Johan	vd Walt	C12	083 2929 003
	Tinus	Viljoen	C07	663 8770
	Gerrie	Vorster	B21	082 336 5987



DOOPLIDMATE

23 Okt	Gerick	Maritz	A01	082 382 5906
	Nicholas	Wilson	C12	643 0441
26 Okt	Chanel	van Niekerk	A09	654 3572
27 Okt	David	Loock	B13	658 5051

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

22 Oktober

A12 Bieuwkje Pretorius
B01 Rita van der Vyver
B02 Nadine Momberg
B03 Ronel Swanepoel

29 Oktober

B04 Helene Kruger
B05 Hester van der Merwe
B09 Rika Pretorius



Droëvrugte

Heerlike vars nuwe voorraad...
By die kombuis se agterluik

Die Susters benodig hulp met die maak van broodjies en die skink van tee tydens begrafsne.

Broeders en susters wat kan help word gevra om hulle name by die Susterstafel onder die Olyfboom op te gee asb.

Ons hou 'n **Juventus** byeenkoms en wil graag alle jongwerkendes in die gemeente nooi om 21 Okt saam met ons by Black Horse in Magaliesburg te kom kuier. Ons gaan ook bring-en-braai op 'n Wildsplaas daar naby.

Meer inligting kontak:
Lené van der Walt 060 542 1769